

ENGLISH TEXT BELOW

MAANDELIKSE NUUSBRIEF: JUNIE 2018

Geagte HSAG-belegger / Mnr. / Mev. / Mej. [Customer Name]

Hierdie nuusbrief is aan u gerig as lid van die Hoëveld Sindikasie Aksiegroep (“HSAG”) op grond van u belegging in die Highveld Sindikasiemaatskappye 15-22 en/of u ondersteuning van die HSAG.

Alhoewel e-posse van tyd tot tyd uitgestuur word, is die www.hsaction.co.za webtuiste die primêre plek waar u HSAG inligting kan bekom.

Die verpligting rus op u as belegger om ons op hoogte van enige veranderinge van u persoonlike en/of kontakbesonderhede.

1. GOEIE NUUS VIR DIE HSAG (EN OOK VIR COHEN, HANCKE & KLOPPER!)

Danksy die positiewe onlangse verwickelinge en die daaropvolgende oorwinnings teen Nic Georgiou ten gunste van die HSAG in die Hoogste Hof van Appèl ("HHA"), asook ander Hooggeregshofsake, is dit, ten minste vir HS21-22, nie nodig om eers die Art 155-Reëlinskema, waarvan mnr Derek Cohen die Ontvanger is, tersyde te stel alvorens daar voortgegaan word met 'n sertifiserings-aansoek vir die klas-aksie nie. Die HSAG sal onverwyld voortgaan met die sertifiseringsaansoek vir 'n klasaksie in daardie HS-maatskappye en beplan die HSAG om advies in te win van sy_regspan vir soortgelyke stappe ten aansien van die ander HS-maatskappye. Regters van die HHA het Georgiou erg gekritiseer en kwetsende uitlatings gemaak oor sy onetiese gedrag en die wyse waarop Georgiou en Orthotouch die Hofproses misbruik het. Ander Hooggeregshowe het ook bevind dat die Art 155-Reëlinskema nie 'n impak het op die "terugkoop" -ooreenkomste nie – dit baan die weg om die Sertifiseringsaansoek vir daardie HS-maatskappye te bespoedig.

Dit het gevolg na die vurige en desperate poging van mnr. Helgard Hancke se HSBF, Hans Klopper en selfs die "onbevooroordeelde" Cohen om die HSAG-lede te oorreed om hul eise ten gunste van Nic Georgiou se bankrot Orthotouch te laat vaar en terselfdertyd hul steun aan die HSAG bekend te maak, wat 'n eenvoudige slenter was om beleggers van hul maandelikse rente te beroof.

Mnr. Hans Klopper (wat kortliks op Whatsapp-groepe as “Hansie” verskyn het) het ook 'n verrassende onthulling gemaak dat mnr. Georgiou se maatskappy, Zephan, welke entiteit onwettig R3,2 miljard van onskuldige beleggers ontvang het, tans die 18 300 beleggers se rente betaal vanuit die kapitaal wat Zephan ontvang het vir die eiendomme verkoop aan die HS-maatskappye en waarvoor betaal is, maar nie oorgedra is nie. Zephan verskyn nêrens eers in die Sakereddingsplan nie! Voormelde vorm ook die grondslag vorm van die deliktuele eise wat gebaseer is op bedrieglike of nalatige wanvoorstellings, soos vervat in die onderskeie prospektusse.

Kort ná die HS beleggers besef het dat "Hansie" inderdaad mnr. Klopper was en vrae aan hom gestel het (wat hy vroeër belowe het om te antwoord), het hy vanaf die WhatsApp-groepe verdwyn.

Nog 'n skokkende onthulling was dat die "onpartydige" Hans Klopper, Sakereddingpraktisyn ("SRP") vir onverklaarbare redes na die sinkende boot van Orthotouch gespring het, nadat sy regsverteenwoordigers sonder enige rede of verduideliking van sy saak onttrek het en vervang is deur Orthotouch's se prokureurs. Dit is algemeen bekend dat Orthotouch (waarvan mnr. Klopper ook 'n direkteur is) die onbeswaarde eiendomme van die HS15-22-maatskappye met 'n geskatte waarde van R1,3 miljard verkwansel het, sonder dat daar enige voordeel vir die HS-beleggers wat hul lewenslange spaargeld daarin belê het, was. Dit plaas mnr. Klopper nou sentraal en in die middel van die ander Verweerders in daardie sindikasies. Dit is nou ook 'n bekende feit dat die direkteure van Orthotouch op 'n onverbiddelike wyse Orthotouch van 'n publieke maatskappy omskep het na 'n private maatskappy, wat duidelik ontwerp is om die finansiële posisie van die HS-beleggers in gevaar te stel.

Mnr Klopper het nou sy posisie as verweerder in die klas -aksie regsgeding vir die HS15 -18 Maatskappye, waar miljarde rande verhaal word vir eiendomme en waarde wat oorgedra was aan 'n genoteerde maatskappy, wat ook deur die Georgious beheer word, verseker. Om sake te vererger, het Orthotouch en sy direkteure vir baie jare (opsetlik?) versuim om geouditeerde finansiële state en rekords te hou soos vereis word deur die wet. Daar word verwag dat die verrigtinge ten einde die verantwoordelike partye aan die pen te laat ry, binnekort sal begin.

Mnr. Helgard Hancke, 'n voormalige HSAG-ondersteuner en eertydse vertroueling van die HSAG-bestuurskomitee, kan nie ernstig wees as hy kla oor die enkele duisende rand wat elke HSAG-lid moet bydra ten einde altesame miljarde rande wat die HSAG van die skuldiges moet eis. Duidelik verstaan hy nie of wil hy nie die konsep van die ekonomie van skale verstaan nie. Hancke is 'n paar uur nadat die HSBF-webwerf op die been gebring was uitgevang dat hy die eienaar daarvan was. Eers nadat hy ontbloot was, het hy erken dat hy die "HSBF-bestuur" was. Sedertdien het geen ander bestuurslid vorendag gekom nie (behalwe mnr. Don Dawson wat per ongeluk deur Hancke ontmasker was as die een wat sekretariële werk doen). Hoe kan Hancke geglo word as hy bereid was om onder eed te lieg dat hy kwansuis nie bewus was van die stappe om nuwe Applikante vir die HSAG aan te stel nie?

2. ONLANGSE SKRYWES VANAF COHEN & HANCKE

In die briewe van Cohen en Hancke dring hulle onregmatig daarop aan dat Hoëveld Sindikasies ("HS") beleggers 'n vorm moet invul waarin hulle verklaar of hulle enige litigasie teen mnr. Nic Georgiou of sy Orthotouch ondersteun, insluitend die klas-aksie.

Hierdie versoek is onwettig en word HS-beleggers in effek gedwing om die litigasieproses, waar ontevrede beleggers poog om skades en verliese wat beleggers in die mislukte Highveld Sindikasiemaatskappye 15-22 weens die Respondente se toedoen gelyk het, van hulle te verhaal.

Die HSAG hou sy lede se persoonlike besonderhede vertroulik. Weerhou u dus daarvan om met mnr Cohen, Hancke of Orthotouch te kommunikeer, aangesien dit u finansiële posisie en regte mag benadeel. Voormalige HSAG-lede se besonderhede word tans ook vertroulik gehou. Inteendeel, HSAG-lede word versoek om nie eens die HSBF se nuusbriewe te lees nie, aangesien dit nie die “papier” werd is waarop dit geskryf is nie.

Die HSAG beveel HSAG-lede aan om bogenoemde versoeke, ingevolge waarvan vorms ingevul moet word, te ignoreer. HSAG-lede word dus aangeraai om nie so 'n verklaring te maak of enige vorms in te vul soos wat versoek word deur mnr Cohen of mnr Hancke nie. Hierdie advies is gebaseer op die volgende:

- a) Eerstens kan HSAG-lede nie geforseer word om so 'n verklaring te maak nie. Die regsadvies aan die HSAG is dat so 'n eis volstrek onafdwingbaar en onwettig is. Die doel van die versoek is om HS-beleggers te swendel om met Orthotouch, 'n bankrot-entiteit wat deur Georgiou opgerig is, te kontrakteer en die misleidende Art 155-Reëlinskema, wat deur Cohen bedryf word, te ondersteun.
- b) Tweedens, dit is nog 'n poging van mnr. Nic Georgiou en sy marionette om die litigasie in die klas-aksie teen hom (Georgiou) en ander respondente te saboteer. Dit is algemeen bekend dat mnr Cohen en Hancke namens Nic Georgiou praat. Cohen, Hancke en Georgiou poog om die identiteit van beleggers in die Highveld Sindikasies vas te stel wat die HSAG ondersteun. Daar is goeie redes waarom die HSAG sulke identiteite vertroulik hou, onder andere om die viktimisering van individuele beleggers te voorkom. Hierdie versoek deur Georgiou is suiwer bedoel om die beleggers wat die litigasie ondersteun, sodra dit geïdentifiseer is, te bedreig met die nie-betaling van maandelikse rente onder die Reëlinskema.

Selfs al sou mnr Georgiou die beleggers wat die litigasie ondersteun, kan identifiseer, kan Orthotouch ('n leë dop wat deur Georgiou beheer word) nie maandelikse betalings aan hulle terughou nie. **Dit is so dat Orthotouch en Cohen gebind is deur die Reëlinskema wat deur die Hooggeregshof goedgekeur is om sulke betalings te maak. Nie Orthotouch of Cohen kan eensydig die bepaling daarvan verander nie.** Indien daar nie betalings gemaak word nie, sal dit bloot wees omdat die insolvente Orthotouch (met twee eiendomme) nie die geld het nie!

Die ondersteuning van 'n HS-belegger aan die klas-aksie ontnem hulle nie van hul regte nie. Ondersteuning deur 'n HS-belegger deur middel van litigasie is in elk geval nie in stryd met die bepaling van die Reëlinskema nie.

Orthotouch, met die hulp van Cohen en Hancke, is dus tans besig om sy eie Artikel 155 Reëlinskema, wat dit selfs 'n Hofbevel gemaak het, te minag.

3. NIE-BETALING VAN RENTE

Indien u nog nie u maandelikse rente ontvang het nie, moet u die fluitjie op mnr DP Cohen en andere blaas.

Stuur asseblief 'n e-pos aan hsagwhistle@gmail.com indien u nie u rente ontvang het nie. U moet ook 'n skrywe aan mnr Cohen rig waarin u aandrang op 'n skriftelike bewys dat u rente in 'n ander prokureur se Trustrekening betaal is. Indien hy sou versuim, kan dit neerkom op diefstal?

Dit is belangrik dat elke geaffekteerde HSAG-lid ons in kennis stel met hul volle besonderhede indien hy / sy nie hul maandelikse rente ontvang het nie. Laat-betalings word gemaak, dus wag eers voordat u ons in kennis stel

Sodra ons uiteindelik die omvang van die nie-betalings vasgestel het, sal die HSAG-regspan kan bepaal wat die volgende stappe gaan wees wat gevolg moet word namens diegene wat op hierdie versoek gereageer het en steeds hulle geld ontvang het nie.

4. SAL DIE REGSAKSIES LEI TOT DIE LIKWIDASIE VAN HS-MAATSKAPPYE?

Dit is 'n skreiende skande dat die Sakereddingspraktisyn, Mnr Hans Klopper, die Ontvanger van die Art 155-Reëlinskema én die voormalige afvallige HSAG-bestuurslid 'n moontlike likwidasië van sekere Georgiou-maatskappye voor die deur van die HSAG en ander litigante kan plaas. Hul bedenklike geskiedenis het egter bewys dat hul optrede nie onverwags is nie.

Likwidasië word deur die Insolvensiewette van die land gereguleer. Indien 'n maatskappy onder insolvente omstandighede bedryf word, is likwidasië die enigste uitweg en het die HSAG geen beheer daaroor nie. Wat skokkend is, is dat Klopper duidelik in 2014 reeds besef het dat die HS-maatskappye gelikwideer moes word, maar willens en wetens voortgegaan het om eiendomme van Orthotouch oor te dra; toe te sien dat huurgeld deur Zephan gevorder word; Georgiou en sy familie kwyd gesteld word; sekuriteite (soos borgskappe) van die tafel af gegee word. Klopper sal moet verduidelik, anders kan hy ernstige siviele eise en moontlike strafregtelike eise in die gesig staar.

Wat egter wél van belang is, is dat HSAG-lede vooraf gewaarsku word om nie met sodanige maatskappye (bv. Orthotouch en Zephan) besigheid doen nie, aangesien dit hul regte ernstig kan benadeel, en spesifiek dat hulle in sodanige gevalle belet mag word om met regs-aksies teen mnr Georgiou en ander Respondente voort te gaan.

Van die redes waarom die maatskappye gelikwideer kan word, sal onder andere wees weens die nie-nakoming van die sakereddingsplan en die wan-administrasie van die eiendomme en ander bates, asook die onvermoë om vonnisskulde te betaal.

Die regsaksies of regskostes sal nie die oorsaak wees van enige likwidasies nie.

Soos voorheen vermeld is daar miljarde rande by die HS-transaksies betrokke. Buiten die kostebevele wat die HSAG teen Georgiou en Orthotouch verkry het, word die klas-aksie uitsluitlik deur sy eie lede befonds. Daarteenoor befonds Georgiou en Orthotouch húl regsgedinge met die miljarde rande wat Beleggers in die HS maatskappye belê het.

In terme van die Art 155-Reëlinskema dokument, moes daar elke maand minstens 'n R9 miljoen surplus (nadat ál 18 300 beleggers se destydse 6% rente betaal is) wees. Tans is die rente slegs 2% met die gevolg dat daar minstens R12 miljoen tot R15 miljoen elke maand surplus behoort te wees! Wat het van daardie gelde geword?

Dit is dus 'n slenter en algeheel onmoontlik dat Georgiou en Orthotouch se regskoste soveel kan beloop!

Verder, die HSAG klas-aksie is nie primêr gerig teen Orthotouch of Zephan nie (onder andere omdat hul eiendomme verkwansel is), maar teen mnr Nic Georgiou en sy familie en entiteite wie miljarde rande ontvang het vir eiendomme wat verkoop én betaal was, maar welke eiendomme ten waarde van R3.2 miljard nooit oorgedra was nie.

Hierdie eiendomme was deur mnr Nic Georgiou se Zephan maatskappy verkoop, maar was die eiendomme nooit in die HS maatskappye getranspoteer nie.

Wanneer 'n eiendom verkoop word, moet die oordragsprokureur toesien dat die oordrag in die naam van die koper geskied met gelyktydige betaling van die koopsom, wat in hierdie geval nie gebeur het nie. Dus sit mnr Nic Georgiou se Zephan met minstens R3.2 miljard waarvoor hy geen teenprestasie gelewer het nie.

Dit was, om die minste te sê 'n onwettige transaksie en was dit ook so deur oud-appèlregter Howie bevind.

Daarbenewens het die sakereddingspraktisyn, Mnr Hans Klopper, wie 'n onpartydige beampte van die Hooggeregshof moet wees, hom by Georgiou se Orthotouch geskaar. Was hy alleen verantwoordelik vir die verkoop én oordag van die HS15-18 maatskappye se eiendomme? Tot datum hiervan het Klopper nog nie 'n enkele staat of bewys voorgelê wat van daardie eiendomme, wat meer as R1 miljard beloop, geword het nie. Hy het die ondenkbare gedoen deur nou op Orthotouch se rug te ry en van dieselfde regsverteenvoordiging gebruik te maak.

Die dreigemente van likwidasie deur Georgiou, Klopper en andere, is immoreel en 'n absolute rookskerm om Orthotouch, sy direkteure (waarvan Klopper een is) en die Georgious se onregmatige optrede te verdoesel.

Indien Orthotouch/Zephan gelikwedeer word, sal die direkteure van die onderskeie maatskappye vir etlike jare deur likwidasie-ondervragings gesleep word waartydens

hulle onder streng kruisondervraging en eed sal moet verduidelik waar die miljarde rande en eiendomme van beleggers is.

5. DEBIETORDERFASILITEIT VOORLAASTE UITNODIGING

Die debietorderfasiliteit is in plek en debietorder-vorms word aan alle HSAG-beleggers gestuur wat skriftelik aangedui het dat hulle by wyse van debietorder wil betaal.

Die HSAG beoog om teen einde Julie 2018 te bepaal of daar genoegsame aansoeke ontvang was ten einde die debietorderfasiliteit in werking te stel.

Indien u kwalifiseer vir 'n maandelikse debietorder, moet u asseblief so spoedig moontlik na hsagdebitorder@gmail.com u volle naam, van en identiteitsnommer stuur. Die HSAG sal daarna dokumentasie aan u stuur wat u sorgvuldig moet invul en terugstuur per kerende e-pos

Diegene wat kwalifiseer sal persoonlik verwittig word wanneer die debietorder stelsel in werking sal tree.

6. GEBRUIK VAN KORREKTE E-POS ADRESSE EN VERWYSINGS

Die korrekte gebruik van e-pos adresse (soos vervat op ons webtuiste en e-posse) asook HSAG lede se voorletters en van, sindikasiennommers en verwysingsnommers (bv. identiteitsnommer ens.)) vir alle kommunikasie, is uiters noodsaaklik.

Die amptelike en bestaande e-pos adresse vir die HSAG, is as volg:

- hsactiongroup@gmail.com vir alle Algemene Navrae (Byvoorbeeld – selfoon of adres veranderinge, betalingsbewyse, kennis van lede wie gesterf het, ensovoorts);
- hsagenquiries@gmail.com vir Spesifieke Navrae (Byvoorbeeld – navrae rakende besonderhede van 'n spesifieke belegger, navrae rakende kwytskelding van 'n spesifieke belegger, ensovoorts);
- hsagregister@gmail.com vir die Registrasie en Deregistrasie van HSAG- lede;
- hsagwhistle@gmail.com vir alle Vertroulike Inligting wat anoniem aan ons gestuur moet word;
- hsagdebitorder@gmail.com vir beleggers wat hul bydraes by wyse van debietorder wil betaal.

Indien 'n belegger of enige persoon 'n epos na die verkeerde adres sou stuur sal dit daartoe lei dat daardie e-pos níe spoedig of enigsins die nodige aandag geniet nie.

7. HSAG SE AMPTELIKE WHATSAPP-GROEPE

Dit is 'n groot uitdaging om spoedige kennisgewings, nuusbrokkies of belangrike boodskappe aan bykans 7 000 individue oor te dra.

Ons versoek dus HSAG-lede om aan te sluit by die HSAG se amptelike WhatsApp-groepe om kennisgewings, nuusbrokkies of nuusflitse per WhatsApp te kan ontvang.

Deur by een van die HSAG se amptelike Whatsapp-groepe aan te sluit sal u gereeld op hoogte gehou word van die nuutste verwickelinge met betrekking tot u saak.

Stuur bloot u Selfoonnommer; Identiteitsnommer; Volle Naam en Van, na hsactiongroup@gmail.com waarna u op die groepe gelaai sal word.

Direkte kontak kan ook gemaak word met die Administrateurs van die onderskeie WhatsApp-groepe by 079 635 4165 (Afrikaans) en 082 450 8854 (Engels).

Die HSAG het ook 'n amptelike facebook-blad, en kan by www.facebook.com/hsaction besigtig, ge-“like” en kommentaar op gelewer word.

8. 2018 HSAG INLIGTINGSESSIE

Ons ontvang gereeld versoeke van beleggers om inligtingsessies oor Suid-Afrika te hou, verál na die positiewe terugvoer ten aansien van die Bloemfontein inligtingsessie gedurende Mei 2018.

Die besluit om 'n inligtingsessie te hou, al dan nie, bly egter 'n moeilike vraag.

Die beperkte aantal lede wat met sodanige sessies bereik word, moet egter te alle tye opgeweeg word teen die kostes wat aangegaan moet word om dit te hou. Inligtingsessies sal dus met groot omsigtigheid oorweeg word voordat dit sondermeer aangepak sal word.

Daar sal oorweeg word om in die toekoms soortgelyke Inligtingsessies te hou in ander provinsies/streke. Ten einde egter kostes te bespaar sal sodanige sessies oorweeg word op datums wat ooreenstem met belangrike HSAG-datums (bv. Hofdae in die omgewing) en die gebruik dat die HSAG-bestuur die dag voorafgaande 'n Hofsaak vir die Finansiële Adviseurs vergader en die dag daarna met die HSAG-lede.

Hou gerus ons webblad dop vir inligting met betrekking tot 2018 HSAG Inligtingsessies in u provinsie/streek.

9. DIE HUIDIGE STAND VAN SAKE

Soos in die vorige Nuusbrief berig, (met die Appèlle wat deur Georgiou en Orthotouch met bestraffende kostebevele teruggetrek is), staan Regters Murphy en Ismail se beslissings en sal die HSAG nou onder meer die bevel van Regter Brian Spilg afdwing, waarvolgens Orthotouch en die sakereddingspraktisyn, mnr Hans Klopper, beveel was om 'n volledige lys van alle bekende beleggers in die skema aan die HSAG se prokureurs te voorsien.

Beide die partye het intussen sekere naamlyste aan die HSAG gelewer en is die HSAG se tegniese span tans besig om die lyste te sorteer volgens beleggers wat slegs e-pos adresse het, slegs selfoonnommers het en wat slegs fisiese adresse het.

In terme van Regter Brian Spilg se bevel moet daar aan al 18 300 HS-beleggers asook diegene wat op die vergadering gestem het, kennis gegee word van die HSAG se voorneme om die Art 155-Reëlinskema tersyde te stel. Die kennisgewing moet by wyse van e-pos, sms of geregistreerde pos geskied asook deur middel van publikasie in sekere koerante.

Gedurende Maart 2015, het die HSAG 'n aansoek in die Johannesburg Hooggeregshof uitgereik vir die tersydestelling van, alternatiewelik Appèl teen, die sanksionering van die sogenaamde Orthotouch Artikel 155-Reëlinskema.

Hierdie Aansoek was gebring weens verskeie gronde, onder andere:

- Dat die beleggers nie krediteure van Orthotouch is, soos beoog in Artikel 155 van die Maatskappywet 71 van 2008 (die "Wet"), nie;
- Dat Artikel 155 nie voorsiening maak vir die skikking van eise teen Direkteure van 'n maatskappy nie (die HS Beleggers spreek die direkteure persoonlik aan in die voornemende klas-aksie);
- Dat die aansoek om sanksionering in die verkeerde afdeling van die Hooggeregshof gebring was (naamlik in Johannesburg, terwyl die Reëlinskema dokument spesifiek verwys na die Hooggeregshof in Pretoria);
- Dat 'n groot aantal beleggers nie kennis van die vergadering op 12 November 2014 ontvang het nie; en
- Dat Orthotouch onder 'n verpligting gestaan het om sekere wesentliche inligting (bv. die aansoek vir die sertifisering van die Highveld Sindikasie klas-aksie), wat die Hof se uiteindelijke besluit aansienlik kon beïnvloed, onder die aandag van sy Edele Regter Moshidi te bring, maar dit nie gedoen het nie.

Die eensydige Hofbevel was verdermeer agteraf en sonder enige kennis deur Orthotouch verkry, sonder die medewete van enige HS-belegger of hul regsverteenvoerders, Theron & Vennote.

Die doel van die kennisgewing is eerstens om vir HS-beleggers, wat nog nie kennis dra van die beoogde tersydestelling nie, kennis te gee van die tersydestelling van die

Art 155-Reëlinskema. Tweedens, om kennis te gee van die datum waarop die Aansoek gebring sal word, en laastens, om diegene wat teen die tersydestelling van die Art 155-Reëlinskema is, geleentheid te gee om die Aansoek te opponeer, indien hulle sou wou.

Verdermeer, en in die lig van die onlangse suksesvolle uitsprake teen Georgiou se Zephan, waar die hof bevind het dat die Sakereddingsplan en die Art 155-Reëlinskema geen effek op die “buy back” klousule het ten opsigte van eise wat beleggers in HS 21 en HS 22, beplan die HSAG in die interim onverwyld voort te gaan met die sertifisering van die klas-aksie ten opsigte van beleggers wat in bogenoemde sindikasies belê het. Die sertifisering van ander klas-aksies sal daarna volg.

Die nie-betaling van rente aan beleggers, laat die HSAG ook met geen ander keuse as om die regsposisie ten opsigte van die minagting van die Hofbevel, in terme waarvan Orthotouch verplig is om rente aan die HS-beleggers te betaal, te oorweeg nie.

10. LAAT- AANSOEKE VIR REGISTRASIE BY DIE HSAG

Laat-aansoeke word tot en met 30 Junie 2018 ontvang. Die registrasievorms is op die webtuiste by www.hsaction.co.za, beskikbaar of in die alternatief kan u 'n e-pos na hsagregister@gmail.com stuur om 'n registrasievorm te versoek. Alle versoeke en voltooide registrasievorms moet aan hsagregister@gmail.com gestuur word.

Ná 30 Junie 2018 sal aansoeke op 'n *ad hoc* basis oorweeg word.

11. LEDE BYDRAES EN REGISTRASIEKOSTE

Ignoreer asseblief hierdie punt indien u registrasie- en regskostes reeds ten volle vereffen is.

Dit is van uiterste belang dat enige uitstaande registrasie- en regskostes, waarvan sommige só lank gelede as 2014 reeds uitstaande is, so spoedig moontlik op datum gebring moet word. Bykans vier jaar sedert die totstandkoming van die HSAG is dit uiters onbillik teenoor getroue lede van die HSAG dat persone wie regsverteenvoordinging verlang in 'n saak waar die gemiddelde eisbedrag R250 000.00 is, nie bereid of gewillig is om die nominale bydrae vir registrasie en/of regskostes te betaal nie.

Die HSAG geniet die beskerming van 'n regspan wat bestaan uit prokureurs, junior en senior advokate wat reeds 'n vêr pad gestap het om voornemende eisers onder die sambreel van die HSAG te beskerm. Almal se samewerking word vereis.

12. STAAT VIR DEELNAME AAN DIE HSAG

Vind asseblief hiertoe aangeheg u bydraestaat vir u deelname aan die HSAG.

Let asseblief op die volgende:

1. Indien geen opvraging ten aansien van registrasie-, regs- of administrasiekoste of 'n krediet op u staat verskyn nie, beteken dit dat u waarskynlik in 'n groep val wat nie geprosesseer en / of geallokeer is nie, en sal dit, indien dit onder ons aandag kom of gebring word, op 'n latere staat verskyn;
2. 'n Eenmalige registrasiekoste van R1 000 per sindikasie was gehef tot Oktober 2015 en daarna is dit verhoog na R1 500 per sindikasie en behoort so op u staat te verskyn
3. Die aangevraagde opvraging vir 2016-regskoste was **R1 000 per sindikasie**;
4. In Mei 2017 was 'n verdere opvraging vir bydrae tot regs- en administrasiekoste van **R2 000 per persoon** gemaak;
5. In Februarie 2018/Maart 2018 was 'n verdere opvraging tot regs- en administrasiekoste van **R2 000 per persoon** gemaak;
6. Indien 'n staat 'n kredietbedrag toon, is u 'n geregistreerde lid van die HSAG, maar het ons nog nie u voltooide aansoekvorm ontvang nie. Geliewe die aansoekvorm af te laai vanaf ons webwerf, of rig 'n versoek aan ons daarvoor per e-pos by hsagregister@gmail.com
7. Let asseblief daarop dat die inligting op ons rekords aanvanklik verkry is vanaf aansoekvorms:
 - a. Indien u aansoekvorm gevolglik foutief, onduidelik of onvolledig is, sal u moontlik geen state of e-posse ontvang nie
 - b. Voltooi asseblief die HSAG-vraelys op "Survey Monkey", wat van tyd tot tyd op ons webtuiste geplaas word, ten einde u inligting op datum te bring, of stuur vir ons 'n e-pos na hsagregister@gmail.com
8. Kliek asseblief op die e-pos skakel aan die einde van hierdie nuusbrieff om na die "Customer Zone" te gaan waar u die opvragings vir registrasie-, regskostes en u betalings kan sien;
9. Weens die voortdurende groot hoeveelheid navrae, registrasies, wysigings van persoonlike besonderhede en allokasies, is dit moontlik dat sommige betalings en/of registrasies nie op die aangehegte Staat sal verskyn nie, maar eers op 'n latere Staat. Maak asseblief seker dat u inligting korrek is;
10. Geoutomatiseerde state sal van tyd tot tyd (gewoonlik gedurende 'n maand) uitgestuur word, maar u skakel na die "Customer Zone" sal deurentyd aktief bly en u kan ter enige tyd u betalings en transaksies daarop sien, soos wat dit geallokeer word;
11. Indien daar enige uitstaande bedrae is, word u vriendelik versoek om dit so spoedig moontlik te betaal ten einde onnodige administrasie en/of verdere kostes te verhoed. Sodanige lede wie se registrasiekostes steeds agterstallig is, loop die gevaar dat hul lidmaatskap by die HSAG opgeskort gaan word;

12. Registrasieheffings is betaalbaar op alle nuwe en agterstallige (90 dae en ouer) registrasies. Registrasiekoste beloop tans R1 500,00 per sindikase en, indien latere registrasies toegelaat word, mag daar 'n verdere heffing vir registrasiekoste per sindikase vir alle nuwe registrasies gehef word ten einde finansiële bydraes deur huidige HSAG-lede te verlig;
13. Van die einde van Februarie 2018 word persone wie se bydraes op datum betaal is met 'n totale eiswaarde wat R50 000,00 of minder tesame met 'n skriftelike versoek aan Theron & Vennote, kwytgeskeld van die 2018 administratiewe- en regs-kostes.

NB: afstanddoening is nie van toepassing op vorige jare se registrasie / administrasie / regs-kostes en agterstallige fooie nie en is steeds betaalbaar.

LW: geen registrasie, administratiewe of regsfooie is terugbetaalbaar nie.

14. Deelname aan die HSAG is algeheel vrywillig, maar sal persone wat nie aan die HSAG behoort of hul versoekte bydrae op datum hou nie, nie aanspraak kan maak op enige regte of voorregte wat getroue lede van die HSAG geniet nie. Persone wat hardvotig weier of versuim om ledebydraes te maak se lidmaatskap sal beëindig word;
15. Ons bedank u vir u lojale ondersteuning waarsonder die HSAG Klas-aksie nie moontlik sou wees nie;
16. Indien u ondersteuning en lidmaatskap van die HSAG wil staak, moet u 'n e-pos stuur na hsagregister@gmail.com stuur waarna die proses van onttrekking aan u verduidelik sal word. Geen uitsonderings sal gemaak word nie.
17. U kan verseker staatmaak op die onverdeelde en lojale ondersteuning van die HSAG-lede en geassosieerdes;
18. Enige spesifieke navrae kan aan hsagenquiries@gmail.com gerig word.

Vriendelike groete

HSAG-Bestuurskomitee

Kontak die HSAG en prokureurs by:

Tel: (021) 887 7877

hsactiongroup@gmail.com

MONTHLY NEWSLETTER: JUNE 2018

Dear HSAG Investor / Mr / Mrs / Ms [Customer Name]

This newsletter is addressed to you as a member of the Highveld Syndication Action Group (“HSAG”) on account of you having made an investment in the Highveld Syndication Companies 15-22 and/or support of the HSAG.

The www.hsaction.co.za website is the primary place where you will find HSAG information although emails are also sent out from time to time.

Please keep us up to date with any changes to your personal and/or contact details.

1. GOOD NEWS FOR THE HSAG (AND ALSO FOR COHEN, HANCKE & KLOPPER!)

